Familie en hulle dinge

Verstaan Mekaar

12 September—16 September

Daar is vir elke dag ‘n *devotion*

Maandag

Dinsdag

Woensdag

Donderdag

Vrydag

Maandag

God se wysheid

Spreuke 2:6-8

“Want dit is die Here wat wysheid gee, Hy sal vir jou leer om te weet en te verstaan.Hy gee vir eerlike mense wysheid, Hy beskerm mense wat heeltemal reg lewe. Hy laat hulle altyd reg doen, Hy beskerm die lewe van die mense wat aan Hom behoort.”

Wysheid is ‘n Godgegewe gawe, en iets waarna ‘n mens aktief moet soek. Wysheid begin by God! En Hy gee dit aan die wat *genuine* daarna soek.
Jy kan nou wonder hoekom ons God se wysheid nodig het? Wel, dit sal dinge vir ons baie makliker maak.

Dink bietjie aan al die *issues* wat jy elke dag moet *face*. Dit is *hectic* dinge, maar die goeie nuus is dat ons dit sal kan hanteer saam met God as ons Hom vertrou.
Dinge in jou familie kan makliker hanteer word en dit sal help dat jy en jou gesin gesonde verhoudings handhaaf.

Dink vandag hieroor:
Hanteer jy *issues* op jou eie of vertrou jy dat God jou sal help deur alles?

Blaai Om...

Gebed:

Here, help my om U te vertrou vir wysheid in my lewe sodat ek gesonde verhoudings kan geniet. Amen.

Dinsdag
God se wysheid

Spreuke 11:2-5

"Mense sal 'n hoogmoedige mens maklik verneder, 'n wyse mens is nederig. Eerlike mense hou aan om reg te lewe, mense wat ontrou is sterf omdat hulle skelm is. Wanneer die Here kwaad is vir jou help dit nie dat jy ryk is nie, maar wanneer jy reg lewe, dan sal dit jou lewe red. Die pad van eerlike mense is gelyk, want hulle doen reg. 'n Mens wat verkeerd doen sterf omdat hy verkeerd doen."

Het jy al gesien hoe lyk iemand wat hoogmoedig is? Jy voel amper nie eers lus om met so persoon te *chat* nie. Hulle is vol van hulleself en hulle weet en het altyd die beste, maar God sê dat sulke mense mooi moet dink voordat hulle optree.
Hulle maak die lewe vir hulleself net moeilik, en die gevolg van hoogmoed is dat so 'n person baie gou tot 'n val sal kom.

Om nederig en eerlik te lewe sal veroorsaak dat jy 'n baie ryker lewe leef. Dit sal 'n lewe wees waar God jou seën en 'n lewe van oorvloed (soos wat die Bybel sê).

As mens is dit baie moeilik om nie die verkeerde trots in jou te laat uitkom wanneer jy goed prestreer ens. nie,maar dit sal wys wees om eerder God toe te laat om die eer te kry wat jy verdien—dit is Hy wat jou geseën het met die *gifts* en talente. Moet my nie verkeerd verstaan nie, jy mag trots wees op jou resultate of oorwinning van iets, maar dit mag nie veroorsaak dat jy hoogmoedig word nie.

En daarom is dit wys om die eer eerste vir God te gee.

Dink vandag hieroor:

Nederigheid en eerlikheid is eienskappe wat almal moet kan sien in 'n kind van God. Is hierdie eienskappe *visible* in jou lewe?

Gebed:

Here, dankie vir al my talente en *gifts.* Dankie dat U my daarmee geseën het. Help my om nederig te bly en om altyd eerlik te wees in alle omstandighede. Amen.

Woensdag
Een Rede!!

Kolossense 3:12

"Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees."

Jy kan dalk wonder hoekom hierdie eienskappe nodig is en hoekom dit in jou lewe sigbaar moet wees, en jou antwoord is een groot rede…

JULLE IS UITVERKORENES VAN GOD!!!!

Ek en jy is verteenwoordiges van God. En as ons sê dat ons gelowiges is dan is dit amper asof ons *celebrities* word na wie almal kyk. En dit is belangrik dat ek en jy sal optree soos wat God van ons verwag en hier vra God dat ons meelewend moet wees, goed wees teenoor ander mense, jy moet nederig wees, jy moet sagmoedig wees en jy moet gedulg hê met die mense rondom jou.

Hierdie is amper soos 'n *blueprint* wat ons by Paulus kry om meer te leef soos wat God wil hê ons moet leef en dit is belangrik dat ons dit sal deel maak van ons lewe.

Elkeen van ons kan *genuine* 'n beter mens wees en ons moet elke streef om dit te kan behaal.

Dink vandag hieroor:

Lewe jy so dat ander mense God sal wil begin dien?

Gebed:

Here, help my om te lewe soos wat U wil hê ek moet lewe. Ek kan in myself dit nie reg kry nie. Amen.

Donderdag
It's not about me...

Filippense 2:3

"Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself!"

Om nederig te wees is die resultaat daarvan dat jy jouself sien soos jy regtig is, en dit beteken glad nie dat jy mag toelaat dat mense net op jou mag trap en maak met jou wat hulle wil nie.
Jy moet jouself sien soos God jou sien. 'n Sondaar wat deur God se genade gered word.

Ek en jy moet 'n instrument in God se hand wees wat beskikbaar is vir Sy werk. En ons moet dit nie doen uit selfsug uit nie, maar ons moet dit doen sodat ander ook daaruit kan baat.

Dit is belangrik dat ek en jy sal besef dat ons nie kan '*af-show*' met wat ons doen vir God nie.
Ons moet nie dink dat ons belangriker is as ander as ons iets goed doen vir God nie.

Ons moet ander mense belangriker ag as wat ons onself ag. Ons moet hulle sien soos God hulle sien en dit is as mense met potensiaal en mens wat deur God se genade gered kan word of reeds gered is.

Almal is geskape in God se beeld en gelykenis!

Dink vandag hieroor:

God ag almal ewe belangrik, doen jy dieselfde?

Gebed:

Here dankie dat U my gered het met U genade! Sal U my help om ander te sien soos wat U hulle sien. In Jesus se naam bid ek dit. Amen.

A Teenager is...

A person who can't remember to walk the dog, but never forgets a phone number.

A youngster who receives his/her allowance on Monday, spends it on Theusday, and borrows from hi/her best friend on Wednesday

Someone who can hear a song by Madonna played three blocks away but not his mother calling from the next room.

A whiz who can operate the latest computer without a lesson but can't make a bed.

A student who will spend 12 minutes studying for her history exam and 12 hours for her driver's license.

A young woman who loves the cat and tolerates her brother.

A person who is always late for dinner but always on time for a rock concert.

A romantic who never falls in love more than once a week.

A boy who can sleep until noon on any Saturday when he suspects the lawn needs mowing.

An original thinker who is positive that her mother was never a teenager.

Vrydag

Lewe deur die Gees...

Galasiërs 5:24-26

"Die wat aan Christus Jesus behoort het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. Ons lewe deur die Gees en laat die Gees ook nou ons gedrag bepaal. Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie."

Om aan Jesus te behoort beteken nie dat al jou sonde en verkeerde dinge vanself gaan sterf nie, maar dit vereis van jou om 'n groot *commitment* te maak en om 'n verbond met God te sluit.

Dit is 'n proses wat tyd vat en wat nie oornag *happen* nie, maar eerder iets waar jy die Gees van God moet toelaat om in jou lewe te werk en om jou van binne af sterk te maak.

Dit is ook nie altyd 'n maklike en pyn vrye proses nie, soms gaan dit seer wees om van die goed te laat gaan en dit gaan moeilike besluite wees wat jy gaan moet neem. Maar dan moet jy vasbyt en onthou dat God jou nooit alleen laat staan in die proses nie.

Dink vandag hieroor:

Is dit nie dalk tyd dat jy 'n *commitment* moet maak om God ten volle te dien nie??

Gebed:

Here help my om my sondige natuur te laat sterf, kom deur U Gees en *journey* saam met my om 'n beter mens te word. Amen.

Reminder:

Stel jy belang om gedoop te word? Kom chat met Quintin daaroor…

Tienerdoop—29 Oktober

'n Idee van Quintin…

Ek wil julle elkeen *challenge* tot die volgende:

Staan op! Wys vir die mense rondom jou dat jy lewe vir God en laat jou aksies hiervan spreek.

Elke mens kan sê dat hulle 'n Christen is, maar jou dade moet harder spreek as jou woorde.

Dit is 'n groot besluit wat jy sal maak, en nie een wat sommer net besluit is omdat ek jou vra om so stap te neem nie.

In jou hart moet jou motief reg wees en jy moet bereid wees om sekere dinge in jou lewe op te gee vir God se *purpose;* sodat jy die verteenwoordiger van God kan wees wat Hy wil hê jy moet wees.

As jy kyk na jou vriende en familie rondom jou, vra jouself die volgende vraag: "Kan hulle sien dat God in my lewe en dat ek vir God lewe?"

Lewe altyd volheid!

Quintin